Skriflesing: Efesiërs 1:1-14
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 1**
Teks: Efesiërs 1:13
Sing- Ps.150:1,3; Ps.23:2; Ps.71:1,14

Dit is sekerlik nie die eerste keer wat u weer Sondag 1 van ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus hoor nie. Maar broeder en suster kom ons luister daarna asof dit ons eerste keer is. Ons lewe in 'n tyd van baie verwarring, baie onsekerheid, kerklik het ons met baie verskille te make. Daar is baie dinge wat ons vandag vir mekaar kan sê wat vir ons baie bekommerd maak. Daar is baie hartseer oor wat in die Gereformeerde kerke die afgelope 50 jaar gebeur het. Byna vyftig jaar terug toe is daar in Rustenburg as Doppers fees gevier. Ek verstaan daar was tot 60 000 mense daardie jaar in 1959 bymekaar. Byna twee-derdes van die somtotaal van alle Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vandag, terwyl hierdie som van Gereformeerde kerke hulleself nog GKSA mag noem, maar hoeveel gemeentes nog werklik 'n parallel met 1959 kan trek kan ek maar net hardop wonder. Ek noem hierdie dinge, omdat dit maar een voorbeeld is van wat ons hartseer moet maak.

Spesifiek ook u wat met hierdie gemeente al 'n lang pad saamloop, die agtervoegsel wat by hierdie kerk se naam gevoeg is- dolerend- in werklikheid beteken die woord as ek dit reg het- om te treur- klaende te wees- om hartseer te wees. Treur oor stande en toestande wat die kerk omring, want voel ons vreemd en vervreemd, ja hartseer oor dinge wat in 50 jaar se tyd verander het. Vyftig jaar is maar 'n kort tyd, in 'n sekere sin 'n oogknip. Vir God is 50 jaar eintlik niks. 'n Duisend jaar is vir die Here soos een dag. 50 jaar na 1959 is in menselewens 'n groot hap van tyd, maar vir God is dit nie eers 'n sekonde van 'n dag nie.

***

Tog op die sekonde van hierdie dag het die Gereformeerde kerk Pretoria dolerend in sy hartseer nie nodig om tot die dood toe te huil nie. Want het ons in ons hande die troosboek (ja ons troosboek is die Kategismus) wat niemand van ons kan wegvat nie. U mag dalk voel daar is vir my min troos in die lewe oor, daar het sovele dinge verander, wat het vir my oorgebly in my kerk-wees elke dag. Dadelik moet ons Sondag 1 oopmaak en ons maak dit oop saam met Efesiërs 1- dan het God vir jou en my troos wat nêrens

anders gevind kan word. Die vraag is in alle geval- **Wat is jou <u>enigste</u> troos in lewe en in sterwe?...**

***

As ons Efesiërs 1 goed aandagtig lees dan kom die troos in strome saamgevloei. Hoe gelukkig, hoe geseënd is ons om ten spyte van hartseer (dolering) ook ons enigste troos te bely. As die dolering sou beteken ek laat my nie eers uit die Kategismus troos nie, dan is daar groot fout. Dan beteken dit dat ek eintlik wil te kenne gee dat God nie in staat is om my te troos nie. Terwyl Efesiërs 1 wat die Here vir ons hierin duidelik maak ook die duidelikste troos bevat wat jy en ek nodig het.

Wanneer jy aan Jesus Christus behoort – dit is tog die kern van Sondag 1- dan moet dit jou gelukkig maak. Jy moet daardeur getroos kan word. Efesiërs 1 is van begin tot einde besig om die troos van God oor jou uit te stort. Vers 3 – *God wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus…*Dit beteken verder dat jy 'n uitverkorene is- v.4- *soos Hy (God) ons in Hom (Christus) uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld*- dit het ons vanoggend al saam met Habakuk as uit die voortyd gehoor. Daarmee saam het die oorvloed van God se seëninge soos wat dit alles in Jesus Christus saamtrek die een versekering na die ander wat op geen mooier manier verwoord kan word as wat Sondag 1 van die Kategismus dit doen nie. En ja alles draai om die feit …***Dat ek…aan …Jesus Christus behoort!***

***

Die eerste antwoord van die Kategismus praat op drie verskillende maniere van Christus. Hy betaal…Hy bewaar…Hy verseker my. Die eerste keer gaan dit om Christus wat vir my *betaal* het, deurdat Hy my van die toorn van God verlos het en van die heerskappy van die duiwel en van die mag van die sonde. In die tweede plek gaan dit ook om Christus wat my *bewaar*. Soveel só dat sonder die wil van ons Hemelse Vader daar nie eers 'n enkele haar uit ons kop sal val nie, of God weet daarvan! Kan u dit indink? En dan nog weer Christus en dit waarvan Hy ons verseker- Christus verseker my van die ewige lewe deur die Heilige Gees en deur dieselfde Heilige Gees maak Christus my ook bereid om vir Hom te lewe.

God troos ons nie maar met leë woorde, of met die uitdrukking van elke donker wolk het darem ’n silwer randjie nie- née. Al word die wêreld hoe deurmekaar en word dit om jou ook hoe donker, is God Drie-Enig, die Vader, die Seun en die Heilige Gees aan die werk. Die Vader is in en deur Christus die Een wat nie eers buite Sy wil om ’n haar mistel nie, geen haar val uit ons koppe sonder dat Hy nie wil nie. En asof dit nie genoeg is nie, laat God se Woord ons dit nog duideliker hoor dat alle dinge wat op hierdie aarde gebeur en moet gebeur tot my saligheid moet dien, of dan soos Romeine 8:28 dit stel- dit uiteindelik vir my *ten goede sal meewerk*, omdat God Self in sy almag dit stuur en beheer. Dit doen God die Vader in Christus, maar laat die Heilige Gees ons dit nog duideliker verstaan dat ek nie net met sekerheid getroos word nie, maar daar kom ’n geheim by.

Die geheim is dat die Heilige Gees altyd aan die Woord van God gebind bly. As die Here se Woord tot ons kom dan is dit die Heilige Gees wat na ons toe kom. Terselfdertyd word die geheim nog wonderliker, nog groter. DIE Heilige Gees wat deur die Woord na ons toe kom is niemand anders nie as die Gees van Christus Self. Die Gees van Christus bring Christus na ons toe. Daarom is dit niemand anders nie, as Christus Self wat ons deel gee aan die ewige lewe, en wat my van harte gewillig en bereid maak om vir Hom te lewe.

Dit is ’n troos om te weet dat ek nie my eie baas is nie. Ja dat ook geen ander mens in die ware sin van die woord my baas is nie. As dit moes wees dat ek aan myself moes behoort, of aan ’n ander mens behoort, dan was die lewe van slawerny en van die dood my baas gewees. Deur die beskikking van God die Vader, deur die verlossing van Christus, deur die werking van die Heilige Gees, wil God nie hê dat ek en jy in hierdie deurmekaar tyd ook self deurmekaar moet wees nie. Ons moet een wees met die opstellers van die Kategismus, hoofsaaklik Ursinus , ja ook een met ons voorouers, geslagte en geslagte voor ons, ja- vanaf Februarie 1563 (ja die eerste uitgawe van die Heidelbergse Kategismus het in Februarie 1563 verskyn), en vir 446 jaar, kan ons met mekaar een wees juis op grond van wat in Sondag 1 van die Kategismus staan. Ja en as iemand nie met Sondag 1 van die Kategismus saamstem nie, dan kan ek met so een nie één wees nie!

Hoe kan ek een wees met iemand wat nie met Christus één is nie?! Dit wil Sondag 1 ons ook duidelik laat verstaan. Frederik III het in sy tyd sy hande vol gehad oor heftige twisgesprekke tussen teoloë, en het hy probeer om ’n einde daaraan te maak. Veral toe Frederik III keurvors van die Paltz geword het was daar ’n hewige stryd oor die Nagmaal aan die gang. Die Lutherane met Hesshusius aan die voorpunt en Klebitz ’n gereformeerde predikant, het so ’n onsmaaklike stryd met mekaar gevoer dat Frederik III beide van hulle uit hulle amp as predikant ontslaan het. Daar was ook sewe ander predikante wat hy vermoed het die volk tot oproer aangehits het, en het hy hulle ook ontslaan.

Nog voor Frederik opdrag gegee het om die Kategismus hoofsaaklik as ’n kategetiese geskrif te laat opstel het hy gedink dat teoloë wat nie net op stryd ingestel was nie, hulle hom moet kom help om hierdie onsmaaklike verdeelde tyd te help hanteer, maar ook dit het later onuitvoerbaar geblyk te wees. Tog het hy aan Melanchton en Brentz advies gevra oor wat die stryd werklik behels, en het Frederik III toe ook self met intensiewe Skrifstudie begin. So word die een wonder uit die ander gebore. Nog heeltyd gaan die twis oor die Nagmaal en Frederik III reël dat twee teoloë uit Heidelberg – twee gereformeerdes- en twee Saksiese teoloë wat weer Lutherane was met mekaar ’n gesprek moet voer. Tydens die gesprek word Frederik heeltemal oortuig van die gereformeerde waarheid, selfs ook die een Saksiese teoloog, en so het Frederik III ten volle Calvyn se belydenis oor die Nagmaal begin deel. Daar laat hy toe ook die teologiese fakulteit in Heidelberg gereformeerde leermeesters beroep en so het Ursinus en ook Olevianus in Heidelberg gekom, en ook ’n bekeerde Jood Tremellius.

En hoe wonderlik die eerste wat Frederik III wil aanpreek is die verwarrende toestand oor die kinders se katkisasie. Al die kategismusse wat in die skole in omtrek was, soos die klein kategismus van Luther en die Kategismus van Brentz, en ook ander kategismusse moet tot ’n eenheid gebring word.

Hieragter lê tog ’n geheim- bring die leer tot ’n eenheid alvorens die mense tot ’n eenheid sal kom. Maar nou ons wat vandag Sondag 1 bely het, wie nie met hierdie leer een is nie, sal nie met ons een kan wees nie. Hoekom is dit so belangrik. Om die eenvoudige rede- ons het hier te doen met ’n saak van lewe en dood. Hierdie is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Daar kan geen ander troos bestaan nie, of anders gestel, hiersonder kan ons nie met mekaar ooreenkom oor wat ons enigste troos is nie.

Om met mekaar een te wees juis op grond van Sondag 1 van die Kategismus, moet die diepste grond van ons bestaan vorm, dit moet ons grootste en belangrikste dryfveer in die lewe wees. Dit moet werklik in heel jou lewe jou enigste troos wees. Aan wat hou ons vas in hierdie deurmekaar tyd. Die baie twiste en verskille wat daar is, soos wat dit my lyk ook maar rondom keurvors Frederik III gewoed het. Beskou ons politieke vryheid as ons hoogste ideaal, selfbeskikking, geld, of aansien, om gesond te wees, werklik die lewe te geniet, of waar lê die Kategismus die belangrikste vashou punt. Laat ons onthou, dit het die Here ook baie duidelik gemaak, dat die mense in die laaste dae se lewe beheer sal word deur wat hulleself belangrik ag. Sinsgenot, gierigheid, hulle sal meer liefhebbers van genot wees as liefhebbers van God (2 Tim.3:4).

So lewe die meeste mense vandag. Maar in besonder wat is jou doel, jou mikpunt in die lewe? Ons weet ook dat die Here deur Paulus duidelik maak hoe hierdie dinge wat vir mense so belangrik is tot ’n einde sal kom. Tale, profesieë, kennis, rykdom, dit alles sal tot niet gaan, maar daar is drie dinge, net drie dinge wat onvernietigbaar sal bly bestaan, nl. geloof, hoop en liefde. Net hierdie drie wat deur die grens van die tydelike sal breek. Jesus het dit ook reguit gevra- *Wat baat dit ’n mens nou eintlik as hy die hele wêreld wen, maar sy siel ly skade?*

Ons enigste troos, ja ons enigste vashoupunt kan net Jesus Christus wees. Die vraag is of jy werklikwaar die eiendom van Jesus Christus is of is jy dalk besig met een groot stuk selfbedrog. Ons moet seker wil wees dat al hierdie dinge wat in Efesiërs 1 staan ook op my van toepassing is. Daardie beloftes, daardie versekering, daardie troos wat Sondag 1 ons wil bied. Die beskikking van ons Hemelse Vader en die werk van die Heilige Gees

het in Efesiërs 1 vers 13 ’n geweldig belangrike kernvers. Daar staan dat elke gelowige, elke uitverkorene het ’n seël of ’n merkteken van die Heilige Gees ontvang…*in wie julle nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte.* As daardie seël op jou deur die Heilige Gees afgedruk is, dan is jy God se eiendom. Ja, wat maak jy as jy God se Woord hoor, wat gebeur met jou wanneer jy die Woord hoor. Word jy werklik getroos of is Sondag 1 nou wel mooi maar dit troos my nie regtig nie.

Geliefdes laat ons werklik hieroor ernstig ons lewe toets, hoe gewillig, hoe bereid is jy regtig om voortaan uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus vir Hom te lewe? Jesus het in Johannes 6 dit tog duidelik gemaak- *Die woorde wat Ek tot julle spreek is gees en is lewe*- en Petrus antwoord ook in dieselfde gedeelte- *Here na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.* Om eiendom van Christus te wees is om die geur van die lewe te wil uitdra.

2 Korinthiërs 2 vergelyk ons met wat in Sondag 1 ook gebeur. As ons hierdie geur van Sondag 1 uitdra, dan dra ons die geur van die Woord, dan dra ons die geur van die lewe. ’n Aangename geur van die lewe tot die lewe vir die wat gered word, maar ook ’n geur van die dood tot die dood vir die wat verlore gaan. Party mense word deur die Woord aangetrek en die Woord hou hulle vas, maar die werklikheid van die uitverkiesing staan alreeds in Sondag 1 van die Kategismus, dat ander mense word deur hierdie woord afgestoot. Hulle is nie bereid om nou, ja om voortaan vir die Here te lewe nie.

Ons gaan voortaan met die Kategismus voortgaan as dit die Here se wil is. In die Sondae wat mag kom, gaan dit elke keer gaan om die vraag of die Heilige Gees deur die Woord op jou ’n seël plaas- of daardie besondere seël, eintlik die enigste seël, die enigste troos jou omring, of anders gestel of dit wel op jou afgedruk kan word. As ons troosboek die Kategismus iemand afstoot, iemand doleer sonder die Kategismus, dan is dit ’n geur wat nie tot die lewe is nie. Sulke dolering is dan uit die Bose. Die Satan se kinders huil ook. Hoe het Judas Iskariot gehuil toe Hy Christus klaar verraai het, maar sy huil was nie berou tot bekering nie, maar dit was hartseer oor homself en die geur van sy dade wat nou

gevolge dra. Laat ons besef dat ware troos en valse hartseer, valse trane kan nie bymekaar uitgebring word nie.

Die seël van die Heilige Gees, die troos van die Kategismus, wil alleen met hulle verder praat wat daarna verlang om werklik te besef wat is ellende, waar kom dit vandaan. Die sonde is die eintlike oorsaak van die behoefte aan troos. Die verlossing van sonde is die middel tot die verkryging van troos. En dankbaarheid is die wyse waarop hierdie troos belewe word. Ellende, verlossing en dankbaarheid moet voortdurend na gekyk word. Al drie hierdie dele, dit wat die Kategismus in sy volheid in hierdie drie dele verdeel is iets wat daadwerklik elke dag belewe moet word. Hoe groot my sonde en ellende is, hoe ek daarvan verlos kan word, hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees. Die oorsaak hoekom ons troos nodig het, die verkryging en belewing van hierdie troos is alles deel van dit wat die Kategismus op ons gaan afdruk, ja die seël wat op ons geplaas word. Daardie kosbare seël om op so 'n besondere wyse nou getroos te mag word, deur die Heilige Gees waarvan Christus in besonder Hom, die Heilige Gees die ander Trooster genoem het (vgl Joh 14:16). Die troos begin reeds deur al te weet hoe groot my sonde en ellende is.

AMEN

Vrae uit Sondag 1

1. Wat is die dinge wat jou hartseer maak? Het jy troos in jou lewe nodig?
2. Is die Heidelbergse Kategismus nie heeltemal te verouderd vir ons tyd nie? Dit het dan al amper 450 jaar oud! Wie het die Kategismus opgestel?
3. Wat sal jy sê is die hoofsin in Sondag 1 van die Kategismus?
4. Wie is die "Hy" waarvan ons in antw.1 praat?
5. Wat sê v/a 1 van die Vader?
6. Wat sê v/a 1 van die Heilige Gees?
7. Efesiërs 1:3 begin met dat ons baie geseënd is (geseënd beteken om werklik 'n gelukkige mens te wees)- wat is die dinge wat jou in Efesiërs 1 baie gelukkig moet maak?
8. Vraag en antwoord 2 gee vir ons eintlik die inhoudsopgawe (hooflyne) van die Kategismus. Wat is hierdie inhoudsopgawe?
9. Wie is die ander Trooster waarvan Jesus in Joh.14:16 van praat?
10. Wat is die *oorsaak* dat ons troos nodig het? Wat is die *middel* tot verkryging van hierdie troos? Wat is die *wyse* waarop hierdie troos belewe moet word?

Inleiding

SONDAG 1